higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N6

(Eerste vraestel)

4 Junie 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 1.1.1 Ontsteking van die sinusse, dikwels as gevolg van infeksie

1.1.2 'n Hartaanval/dood van die hartspier selle as gevolg van suurstoftekort of obstruksie van die bloedtoevoer

1.1.3 Vergrote are in die anus of onderste deel van die rektum

1.1.4 Die einde van menstruasie

1.1.5 Besmetting van die bloedstroom/bloedvergiftiging

1.1.6 'n Versteuring wat gekenmerk word deur skielike en onbeheerbare aanvalle van diep slaap, soms gepaard met verlamming en hallusinasies

1.1.7 Plasing van 'n hol naald in die rugmurg om serebrospinale vloeistof te verwyder of dwelms in te voer

1.1.8 Bloeding uit die neusgat/Neusbloeding

1.1.9 'n Swanger vrou

1.1.10 Om 'n gesuis of ander geluid te hoor sonder eksterne oorsaak

(10 × 2) (20)

1.2 1.2.1 Waar

1.2.2 Onwaar
Antibiotika is effektief teen bakterieë.

1.2.3 Onwaar Antibiotika sal nie vir griep help nie, want dit word deur 'n virus veroorsaak.

1.2.4 Waar

1.2.5 Waar

1.2.6 Waar

1.2.7 Onwaar
Amenorree is die afwesigheid van menstruasie. Dismenorree is pynlike menstruasie.

1.2.8 Onwaar
Dismenorree is pynlike menstruasie./ Oligomenorree is ongereelde menstruasie.

1.2.9 Waar

1.2.10 Onwaar
Nie-identiese tweelinge word uit twee bevrugte eiers gevorm.

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Sien slegs DRIE vrae in hierdie afdeling na.

VRAAG 2

2.1
- Swak toegang tot skoon water
- Huise voldoen nie aan bouregulasies nie
- Onveilige/ Besmette kos
- Swak sanitasie
- Teenwoordigheid van siektedraende vektore (diere/insekte)
- Onvoldoende/Ongereelde afvalverwydering (Enige relevante 3 × 1) (3)

2.2
- Rooiheid
- Swelling
- Pyn
- Area voel warm
- Verlies aan gebruik (Enige 4 × 1) (4)

2.3 A – Monoplegie – Tas slegs een ledemaat of 'n enkele liggaamsdeel aan

B – Hemiplegie – Tas een arm en een been aan dieselfde kant van die liggaam aan

C – Paraplegie – Verlam van die middel af ondertoe, tas beide bene aan

D – Kwadruplegie – Verlam van die nek af ondertoe, tas beide arms en beide bene aan asook die torso/bors (4 × 2) (8)

2.4
- Borsmelk is die beste beskikbare opsie vir babas.
- Dit bevat al die voedingstowwe wat babas benodig in die regte verhouding.
- Dit bevat teenliggaampies wat babas benodig.
- Dit bevat hormone en ander faktore wat groei bevorder.
- Dit beskerm babas teen allergieë.
- Borsgevoede babas het 'n sterker immuunstelsel as gevolg van teenliggaampies en immuniteit wat die moeder na die baba oordra.
- Moeders wat borsvoed, hoef nie bottels te was en te steriliseer en formule voor te berei nie.
- Borsmelk is altyd teen die regte temperatuur beskikbaar.
- Die doeke van borsgevoede babas stink minder en is aangenamer om te ruil.
- Borsvoeding beskerm moeders teen sekere kankers.
- Moeders wat borsvoed, kry makliker hul normale gewig terug; die baarmoeder trek vinniger saam.
- Borsvoeding bevorder beter binding tussen moeder en baba.
- Borsvoeding verminder die risiko van wiegiedood. (Enige relevante 5 × 1) (5)

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1
- Aanhoudende/Konstante pyn
- Met tussenposes
- Brandpyn
- Steekpyn
- Dowwe pyn
- Skerp pyn
- Kramppyn
- Benoude pyn
- Palpiterende pyn
- Kloppende pyn
- Pyn
- Steekpyn (Enige relevante 7 × 1) (7)

3.2
- Kalmeer die pasiënt.
- Laat die pasiënt regop sit.
- Laat die pasiënt vooroor leun./Buig die nek vorentoe.
- Druk die sagte gedeelte van die neus net bokant die neusgate ferm vas.
- Haal deur die mond asem.
- Behou hierdie posisie vir 5-10 minute.
- Plaas 'n koue kompres op die neus om bloedvate saam te trek indien beskikbaar.
- As bloeding voortduur, hou dit vir nog tien minute.
- As bloeding na 30 minute steeds nie ophou nie, gaan na ongevalle.
- Neuspakke mag nodig wees.
- Laat die pasiënt op die sy lê en rus sodra die bloeding ophou.
- Om te voorkom dat die neus weer begin bloei, moenie in die neus krap of dit blaas of vooroor buig vir 'n paar uur nadat die bloeding gestop het nie.
- Hou die kop hoër as die hart.
- Smeer agterna petroleumjellie aan die binnekant van die neus indien nodig. (Enige relevante 8 × 1) (8)

3.3
- Voer meer veldtogte om die publiek te leer van gesondheid.
- Bevorder gesonde leefstylkeuses.
- Ontwikkel beleide vir die bevordering van goeie gesondheid.
- Verbeter toegang tot primêre gesondheidsorgfasiliteite./Verseker beter toegang tot hospitale en klinieke.
- Ontwikkel ondersteunende uitreikprogramme.
- Verseker die voorsiening van skoon, lopende water aan alle gemeenskappe.
- Voorsien veilige en skoon behuising aan gemeenskappe.
- Verseker dat afval gereeld verwyder word in alle gemeenskappe.
- Reageer vinnig en toepaslik op die uitbreek van siektes.

(Enige relevante 5 × 1) (5)

[20]

VRAAG 4

4.1
- Akute slap verlamming
- Antraks
- Brusellose
- Cholera
- Kongenitale sifilis
- Hemorragiese koorssiektes van Krim-Kongo
- Hemorragiese koorssiektes van Afrika
- Difterie
- Voedselvergiftiging
- Hemofilus influensa tipe B
- Loodvergiftiging
- Legionellose
- Leprose
- Malaria
- Masels
- Meningokokkale infeksie
- Paratifoïedkoors
- Pes
- Vergiftiging van landbou-veemiddels
- Poliomiëlitis (ICD10: Akuut)
- Hondsdolheid, mens
- Rumatiekkoors
- Tetanus (ICD10: ander)
- Tetanus neonatorum
- Tragoom
- Primêre tuberkulose
- Pulmonêre tuberkulose
- Tuberkulose (ander respiratoriese organe)
- Tuberkulose in meninges
- Tuberkulose in derms, peritoneum
- Tuberkulose in bene en gewrigte
- Tuberkulose in genito-urinêre stelsel
- Tuberkulose van ander organe
- Miliêre tuberkulose
- Tifoïedkoors (ICD10: Tifoïedkoors)
- Tifuskoors (deur luise versprei)
- Tifuskoors (deur rotte en vlooie versprei)
- Virale hepatitis tipe A (ICD10: Akuut)
- Virale hepatitis tipe B (ICD10: Akuut)
- Virale hepatitis nie-A nie-B (ICD10: Akuut)
- Virale hepatitis ongespesifiseerd
- Kinkhoes
- Geelkoors (Enige 7 × 1) (7)

4.2
- Herhalende infeksies
- Sukkel om te eet of te sluk weens ongemak
- Keelinfeksies / Absesse
- Infeksies wat die skool / werk / daaglikse lewe beïnvloed
- Snork meer
- Slaapapnee
- Bloeding
- Kanker in die mangels
- Herhalende oorinfeksies
- Moet deur die mond asem haal (Enige relevante 8 × 1) (8)

4.3
- Die menslike liggaam is bedek met bakterieë, maar die meeste van hierdie bakterieë maak ons nie siek nie. Dit is ons normale, natuurlike flora. Hierdie nie-patogene bakterieë inhibeer die groei van patogene organismes✓ en bied dus beskerming.✓
- Nie-patogene bakterieë in die spysverteringstelsel help om die voedsel wat ons eet af te breek,✓ om ons stelsels behoorlik te laat werk en om probleme soos hardlywigheid✓ en diarree✓ te voorkom. Ons kan aanvullings neem om hierdie bakterieë te vermeerder.✓
- Nie-patogene bakterieë gebruik die voedingstowwe wat patogene bakterieë benodig om te oorleef✓ en vul spasie sodat skadelike bakterieë nie kan posvat nie.✓
- Sommige bakterieë word gebruik om die voedsel wat ons eet te skep, soos jogurt, suurroom en kaas.✓
- Die eet van jogurt met lewende bakteriële kulture hou verskeie voordele in, waaronder die bevordering van die immuunstelsel.✓

(Enige relevante 5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 5

5.1
- Bloed en oop wonde
- Voedsel wat swak berei of gestoor is
- Liggaamstemperatuur
- Vog
- Suurstof (vir aërobiese mikroörganismes) of gebrek aan suurstof (vir anaërobiese mikroörganismes)
- Ideale pH
- Tyd
- Donkerte (Enige relevante 7 × 1) (7)

5.2
- Volg 'n gesonde, veilige dieet.
- Oefen gereeld soos aanbeveel deur 'n gesondheidsorgwerker.
- Vermy blootstelling aan potensieel gevaarlike chemiese stowwe.
- Bestuur bestaande toestande soos hoë bloeddruk en diabetes.
- Moenie rook nie en vermy rokers.
- Moenie alkohol drink nie.
- Neem foliensuur en voorgeboorte-aanvullings.
- Maak seker dat enige medisyne of aanvullings wat geneem word veilig is tydens swangerskap.
- Slaap genoeg.
- Gaan vir voorgeboorte-afsprake by.
- Laat toets jou vir STI's en kry behandeling indien nodig

(Enige relevante 8 × 1) (8)

5.3
- Aborsie is wettig in Suid-Afrika.
- Omstandighede of toestande waaronder swangerskap beëindig kan word, word bepaal in die Wet op die Keuse van Swangerskap, Nr. 92 van 1996.
- Die aborsie word outomaties toegestaan tot 12 weke swangerskap.
- 13-20 weke, slegs indien:
  - die swangerskap die vrou se geestelike/fisiese gesondheid in gevaar stel
  - die fetus aan ernstige afwykings ly
  - die swangerskap die gevolg is van verkragting of bloedskande
  - dit die vrou se sosiale/ekonomiese omstandighede aansienlik sal beïnvloed
- 20+ weke, slegs indien:
  - die swangerskap die vrou se lewe in gevaar stel
  - die fetus erg misvorm is
  - daar 'n risiko is dat die fetus ernstig beseer kan word
- Instemming van 'n lewensmaat, ouer of voog word vereis as 'n vrou ernstig siek is of as sy lank bewusteloos was. (Enige relevante 5 × 1) (5)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou